higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE REG N6

7 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 Waar
1.1.2 Onwaar
1.1.3 Onwaar
1.1.4 Waar
1.1.5 Waar
1.1.6 Waar
1.1.7 Waar
1.1.8 Waar
1.1.9 Onwaar
1.1.10 Waar

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 (a) Eiser
(b) Verweerder

(2 × 2) (4)

1.2.2 (a) Hoogste Hof
(b) Bloemfontein

(2 × 2) (4)

1.2.3 tradisionele (2)

1.2.4 boedel (2)

1.2.5 hofordonnans (2)

1.2.6 hoër gesag (2)

1.3
- Die leerstuk beteken dat spesifieke funksies, pligte en verantwoordelikhede✓ aan verskillende instellings✓ toegeken word wat bevoeg is om hierdie funksies uit te voer.✓
- Wetgewende gesag – die mag om wette te promulgeer, te wysig en te herroep✓✓
- Uitvoerende gesag – die mag om wetgewing uit te voer en af te dwing✓✓
- Regsprekende gesag – die mag, indien daar ’n dispuut is, om te bepaal wat die reg voorskryf en hoe dit in die dispuut toegepas behoort te word.✓✓ (9)

1.4
- Die staat kan slegs aanspreeklik gehou word met betrekking tot die handeling of versuim van ’n staatsbeampte of departement.
- Die beampte moes as ’n beampte van die departement opgetree het.
- Die beampte moes die wederregtelike handeling binne die bestek van sy of haar amptelike pligte/funksies uitgevoer het.
- Die applikant of sy/haar regsverteenwoordiger moet binne sewe dae aandui of hulle verrigtinge teen die betrokke uitvoerende gesag wil instel en ’n afskrif van die dagvaarding aan die staatsprokureur beteken.

(4 × 2) (8)

1.5
- Administratiewe optrede moet wettig wees of ’n wettige doel nastreef.
- Administratiewe optrede moet billik wees.
- Administratiewe optrede moet die reëls van natuurlike wettigheid en die reg nakom.
- Administratiewe optrede moet redelik wees.
- Administratiewe optrede moet in openbare belang wees.
- Administratiewe optrede moet aan die reg en gemenereg voldoen.
- Administratiewe optrede mag nie op arbitrêre manier uitgeoefen word nie.
- Die gesag van staatsliggame mag nie uiterste ongerief veroorsaak nie.
- Niemand mag opsetlik benadeel word nie.
- Geen diskriminasie word teen individue of groepe toegelaat nie.
- Administratiewe liggame moet respek betoon aan die beginsels van gelykheid, eweredigheid, onpartydigheid van die reg en goeie trou.

(Enige 5 × 2) (10)
[63]

TOTAAL AFDELING A: 63

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Dit is ’n bevel van ’n hoër hof✓ aan enige administratiewe liggaam (staatsowerheid)✓ om te doen wat daardie liggaam regtens verplig is om te doen✓ (of nie te doen nie) (3)

2.2
- Besluit of die saak vervolg gaan word of nie.
- Verseker dat oortreders aangekla en vir hul misdadige handelinge verantwoordelik gehou word.
- Tree as die mense se prokureur op. (3 × 2) (6)

2.3
- Die goue interpretasiereël beteken dat die tolk die bedoeling van die wetgewer moet bepaal (die ware betekenis van die wetgewer moet gevolg word)
- Die letterlike interpretasiereël beteken dat die tolk die betekenis van die wetgewer, soos deur die woorde van die reg verteenwoordig, moet volg.

(2 × 2) (4)

2.4
- ’n Basiese interpretasiereël is dat geen byvoegings of weglatings✓✓ van die woorde wat in wetgewing gebruik word, toegelaat word nie.✓✓
- ’n Hof moet versigtig wees om nie die betekenis van die wetgewing uit te brei, verder as die woorde wat inderwaarheid gebruik is nie.✓✓
- ’n Hof behoort te fokus op dit wat die wetgewing sê en moenie buite die bewoording van die wet beweeg of van die bewoording van die wet afwyk nie.✓✓ (10)

2.5
- Kollektiewe arbeidsooreenkomste
- Kontrakte met beamptes
- Stads- en dorpsbeplanningskemas
- Ooreenkoms vir die verskaffing van dienste (4 × 2) (8)

2.6
- Die uitspraak deur die hof of tribunaal moet finaal en bindend wees en moenie aan bekragtiging onderhewig wees nie.
- ’n Geskil of meningsverskil moet tussen persone of liggame bestaan wat in ’n hof of tribunaal verdedigbaar is.
- Die toets is gebaseer op die werksmetode en -middele van die wetgewende orgaan.
- Die toets is gebaseer op die aard van die administratiewe orgaan se finale beslissing en optrede. (4 × 3) (12)

[43]

VRAAG 3

3.1 Formele toets

Wanneer ’n formele toets toegepas word, kan die volgende vrae gevra word:

- Is die liggaam deur die staat ingestel?
- Is die gesag en pligte van die liggaam deur wetgewing vasgestel?
- Pas die liggaam by die gesagshiërargie van die staat in?
- Is daar ’n hoër staatsgesag wat die laer orgaan beïnvloed of bevele daaraan gee?

Materiële toets

Wanneer ’n materiële toets toegepas word, kan die volgende vrae gevra word:

- Wat is die aard van die orgaan se aktiwiteite?
- Lewer die orgaan ’n diens aan die publiek?
- Is die orgaan op wins ingestel?
- Is die orgaan ’n draer van staatsgesag? (8 × 2) (16)

3.2 3.2.1 ’n Interdik is ’n regsproses waarvolgens jy ’n hof versoek om iemand te beveel om op ’n bepaalde manier op te tree, sodat jou regte nie geskend word nie. (3)

3.2.2
- Verbiedende interdik
- Gebiedende interdik (2)

3.2.3
- Verbiedende interdik – keer ’n persoon om ’n spesifieke wederregtelike handeling uit te voer.
- Gebiedende interdik – beveel ’n persoon om iets te doen wat hy of sy regtens verplig is om te doen, byvoorbeeld om ’n lisensie uit te reik.

(2 × 2) (4)

3.3
- Aanhef/voorwoord
- Die lang titel/uitvoerige titel
- Opskrifte van hoofstukke en artikels
- Paragrafering, kantlynopskrifte en punktuasie
- Die omskrywingsklousule/-artikel of omskrywing van woorde
- Addendums/bylaes (6)

[27]

VRAAG 4

4.1
- Mandaat✓ – dit is die tipe delegering waarvolgens die hoër persoon of orgaan (delegeerder) die besluit neem en 'n laer persoon of orgaan opdrag gee✓✓ of delegeer om namens hom/haar te handel.✓
- Dekonsentrasie✓ – in hierdie vorm van delegering delegeer die gedelegeerde (laer persoon of orgaan), wat opdrag ontvang het om sekere bevoegdhede of funksies uit te voer,✓✓ die bevoegdheid verder aan 'n ondergeskikte persoon of orgaan.✓
- Desentralisasie✓ – is die oordrag van bevoegdhede en funksies van 'n hoër persoon of orgaan✓✓ aan 'n outonome persoon of orgaan.✓

(3 × 4) (12)

4.2
- Administratiefreg
- Strafreg
- Prosesreg
- Staatsreg (4)

4.3 Buitelandse reg staan bekend as internasionale reg of volkereg. (2)

4.4
- Diplomatieke betrekkinge
- Lugverkeer tussen state
- Die gebruik van die oop see
- Internasionale beginsels met betrekking tot menseregte
- Wette wat met oorlogvoering verband hou (5)

4.5 4.5.1 Saaklike reg – dit is regte met betrekking tot roerende en onroerende eiendom; fisieke materiële dinge (huis, motor, meubels)

4.5.2 Intellektuele eiendom – dit is die geestelike of sielkundige skeppings van die menslike verstand.

(2 × 2) (4)

[27]

VRAAG 5

5.1
- Dit moes as ’n regsreël of regsnorm bestaan het.
- Dit moes vir ’n lang tyd bestaan het.
- Dit moet oor die algemeen nagekom word deur die gemeenskap waarin dit voorkom.
- Die betekenis en inhoud moet seker en duidelik wees. (4 × 2) (8)

5.2
- Dit reël die organisasie en struktuur van die staat op alle regeringsvlakke.
- Dit bevat ’n handves van regte wat die regte van elke burger beskerm.
- Dit het ’n regstreekse invloed op wetgewing, aangesien wetgewing wat strydig met die Grondwet is deur ’n geregshof ongeldig verklaar kan word.
- Dit beperk die gesag van die staatsinstellings.
- Dit bepaal die verhouding tussen die staat en sy onderdane.
- Dit is die belangrikste deel van die regstelsel en dra as sodanig tot administratiefreg by. (6 × 2) (12)

5.3 Dit bestaan uit 11 lede:
- Hoofregter
- Adjunkhoofregter
- Nege ander lede (3 × 2) (6)

5.4
- Administratiewe pligte om saaklyste op te stel, beskikbare howe te reël, oor die algemeen hulp aan regters te verleen en rekords by te hou.
- Semi-geregtelike pligte soos om dagvaardings en lasbriewe uit te reik
- Tree op as takseermeester vir daardie betrokke beslissing van die hoë hof. (3 × 2) (6)

5.5
- Hofbeslissings deur regters en landdroste, insluitend vonnisse
- Private handelinge deur individue en private maatskappye
- Beroepslui wat nie in diens van die staat is nie (3 × 2) (6)

5.6 Busisiwe Mkhwebane (2)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 137
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou